# REGISTRASIE EN LISENSIËRING

Voordat goedere ingevoer of uitgevoer kan word, moet 'n aantal stappe in plek wees. Indien jy enige doeane-verwante aktiwiteite wil verrig, kan SARS van jou vereis om te registreer ingevolge artikel 59A en/of 'n lisensie ingevolge artikel 60 te bekom.

Die persoon wat kan of moet aansoek doen vir registrasie en lisensiëring:

Enige natuurlike persoon, regspersoon, vereniging, vennootskap, eksekuteur van 'n boedel, trustee, regeringsliggaam, instansie - insluitend buitelandse prinsipale wat nie in Suid-Afrika geleë is nie, kan registreer en/of lisensieer om enige aktiwiteit te verrig wat deur die wet gereguleer word, behalwe 'n persoon wat ingevolge die bepalings van reël 15.01 invoer of uitvoer.

Die kommissaris kan voorwaardes oplê met betrekking tot:

- Die beskerming van potensiële belastinginkomste op ontvang, gestoor, gehanteer, vervoer of op enige manier hanteer, bestuur of beheer deur die lisensiehouer ingevolge die lisensie;
- Die inspeksie van sodanige goedere deur doeane-beamptes;
- Hulp wat die lisensiehouer aan doeane-beamptes moet verleen met teruggehoude of gekonfiskeerde goedere; of
- Nakoming deur die lisensiehouer van hierdie wet, of 'n belastingheffende wet ten opsigte van sodanige goedere.

Die kommissaris kan ook van 'n aansoeker vereis om op enige tydstip waarborg te lewer, verwys na *Bonds external policy*.

Vir al die inligting wat jy benodig in verband met registrasie, lisensiëring en akkreditasie, verwys na die volgende skakels:

- *APDP*
- *Clearing Agents*
- *Customs Storage Warehouse*
- *Deferments*
- *Depots*
- *Drawback Registration*
- *EDI (Electronic Data Interchange)*
- *Exporters*
- *Importers*
- *Rebate Users*
- *Registered Agents*
- *Remover of Goods*
- *Special Economic Zones*

## Benodig jy hulp met registrasie- en lisensiëringsaansoeke?

Die *DA185 - Registration of Licensing of Customs and Excise client*-aansoekvorm, die toepaslike bylae en die stawende dokumente gelys in die aansoekvorm moet by die naaste doeane-kantoor ingedien word vir prosessering. Vir meer inligting oor die vereiste stawende dokumente, verwys na *Legal Entity – External Standard*. Die aansoeker of die aansoeker se verteenwoordiger (openbare offisier), soos op die aansoekvorm, moet ook sy/haar ID-boek, bewys van adres en kontakbesonderhede by die tak toon.

**Vir hulp met die DA185-aansoekvorm:**

- Nasionale registrasie-navrae: Nationalregistrationqueries@sars.gov.za
- Bashani Naidoo by bnaidoo@sars.gov.za, Tel. nr: 011 862 6008, of
- Katlego Setlhalogile by ksetlhalogile@sars.gov.za, Tel. nr: 011 862 5285.

Ander aansoekvorms (bv. DA64G.01; SC-CF-05-A23) moet gestuur word aan of ingegee word by:

- **Alberton-kantoor**
  New Quay-weg 49
  New Redruth
  Alberton

- **Pretoria-middestadkantoor**
  h/v Lillian Ngoyi en Francis Baardstraat
  SARS Hoofkantoor
  Pretoria

- Vir aandag: Nasionale registrasie en lisensiëring of per e-pos aan Nationalregistrationqueries@sars.gov.za.
- Vir navrae: Nationalregistrationqueries@sars.gov.za.

## Waar is die lisensiëring- of registrasievorms beskikbaar?

Aansoekvorms is beskikbaar op hierdie webtuiste of by enige doeane-kantoor.

## Waarheen moet die vorms gestuur word?

Aansoekvorms moet aan die naaste doeane-kantoor gestuur word.

## Hoe lank is die registrasie geldig?

Die registrasietydperk is onbeperk geldig. Vir lisensiëring, verwys na Bylaag 8.

## Wat is die koste verbonde aan registrasie?

Geen koste verbonde.

## Hoe lank neem dit vir goedkeuring?

Omkeertye vir invoer- of uitvoeraansoeke is tien (10) werksdae en vir alle ander aansoeke 30 werksdae.